


## Die vestiging van droëland lusernweidings

Lusern is die mees produktiewe peulgewasweiding in die Rûensgebied van die Weskaap. Die rede hiervoor is dat lusern 'n baie meer egalige produksie deur die jaar lewer, wat ook 'n hoë diereproduksie tot gevolg het, as medicweidings. Lusern word reeds jare suksesvol in langer rotasies met koring, gars en canola verbou, waarin die periode onder lusern vyf of meer seisoene duur. Dit stel die produsent in staat om veral grasonkruide goedkoper en meer effektief in die weidingsfase te beheer.

Meer produktiewe en standhoudende lusernkuivers is die laaste jare geïdentifiseer in navorsing, wat heelwat waarde kan toevoeg tot die diereproduksie wat van lusernweidings verkry word. Hier dink on veral aan kuivers soos WL414, WL 357, SA Select, Magna 601 en Venus. Die saad van hierdie kuivers is duur en navorsing word tans met saaidigtheid en saadbehandeling gedoen ten einde laer saaidigthede moontlik te maak.

Tradisioneel is aanbeveel dat lusern teen ongeveer 12 kg/ha gesaai word. In navorsing wat in die Overberg gedoen is, is egter gevind dat lusern heelwat dunner gesaai kan word en wel teen ongeveer 8 of 9 kg/ha, wat 'n minimum van 25% besparing is saadkoste kan meebring.



Hierdie navorsing is aangevul met navorsing waarin verskillende saadbehandelings getoets word, ten einde 'n groter persentasie van die gesaaide lusernsaad suksesvol te laat vestig. Hierdeur kan die saaidigtheid van lusern verder verlaag word, terwyl steeds 'n groter aantal lusernplante vestig.

Resultate van saadbehandelingsproewe wat sedert 2008 op Caledon en Stellenbosch gedoen is, word in die tabel hier onder weergegee.

Invloed van saadbehandeling op die persentasie lusern saad wat vestig

Jaar	Lokaliteit	Behandeling	% Vestiging
2008	Caledon	Kontrole Swamdoder	44% 62%
2009	Stellenbosch	Kontrole Swamdoder	52% 74%
2010	Stellenbosch	Kontrole Swam + Insekdoder	46% 67%

Die kontrole saad is net geënt, terwyl die ander behandelings swamdoder of swamdoder plus insekdoder behels het. Die behandeling van lusern saad met swam- en insekdoders het, gemiddeld oor die drie proewe, 'n verhoging van 40% in die aantal saailinge wat gevestig het, meegebring.

Laer saaidighede van 8 to 9 kg lusern saad/ha kan dus gebruik kan word, maar dit word ook aanbeveel dat die lusern saad met 'n swam- en insekdoder behandel word. Indien dit gebeur, sal heelwat meer en lewenskragtiger lusern saailinge vestig, wat 'n digte lusern stand tot gevolg het, met 'n lang produktiewe leeftyd van vyf of meer seisoene. Op die oomblik is van die middels wat gebruik is nie geregistreer vir gebruik op lusern nie, maar die saak word tans ondersoek in samehang met die saadhandel en die lusern bedryfsorganisasie.

Finansiële en logistieke ondersteuning vir hierdie navorsing word tans verkry van Cape Wools, die Rooivleisnavorsings- en ontwikkelingsfonds (RMRDT), die LNR (Diereproduksie- en Plantbeskermingsinstitute), Overberg Agri, Agricol Saadmaatskappy en die NWKV. Indien daar enige vrae is, kan Dr Johann M van Heerden, by tel 021/8877142 of faks 021/8833248 gekontak word.